Kabouterland
Posbus 12274, Die Boord, 7613
Tel: 021 8801043/57
Faks 021 8801057/0865188770
e-pos: info@kabouterland.co.za / admin@kabouterland.co.za

## DIENSTE WAT AANGEBIED WORD

### NASORG

- Die skoolgaande kinders word by Eikestad en/of Rhenish gehaal. 'n Ligte middagete word bedien, met drinkgoed en versnaperinge deur die loop van die middag.
- Die kinders word na hul onderskeie buitemuurse aktiwiteite geneem. Let wel: Ons vervoer slegs kinders na die naskoolse aktiwiteite by Eikestad en Rhenish.
- Kinders kan tot 17:30 by Kabouterland bly. Ons moet te alle tye in kennis gestel word indien kinders 'n betrokke dag nie die skool bywoon nie.
- Indien iemand anders (as die ouers) die kinders smiddae oplaai moet ons asseblief ook in kennis gestel word.
- Opgeleide personeel sal toesien dat die kinders se huiswerk gedoen word. Enige probleme sal onder u aandag gebring word. Elke kind moet 'n A4 hardebandboek saambring vir ekstra huiswerk. Ons skryf ook boodskappe daarin indien nodig.
- **Een van ons grootste probleme is kinders wat ons by die skool moet soek. Kinders sal altyd by die hek voor die skool gehaal word. Moedig hulle aan om sou gou as moontlik tot by die hek te stap na die skool gesluit het of nadat hulle betrokke aktiwiteite voltooi is.**
- Ons verwag van die ouers om 'n weekrooster aan ons te voorsien met u kinders se buitemuurse aktiwiteite. Indien daarvan afgewyk word, lig ons asseblief telefonies of skriftelik op Child Cloud in. Voeg asseblief u kind se graad en klasonderwyseres se inligting by die weekrooster in.
- Indien dit nodig is dat ons u moet skakel indien 'n kind gesoek word, sal u 'n boete van R20.00 ekstra moet betaal.
- Die Nasorg maak gebruik van Child Cloud en soms WhatsApp om belangrike boodskappe met die ouers te kommunikeer.

### VOLDAGSORG OF OGGENDSORG (Skoolvakansies)

### AANKOMS EN VERTREKTYE

- Kinders word tussen 07:00 en 08:00 ontvang. Ouers moet ons skriftelik in kennis stel indien iemand anders die kinders oplaai. Die skool sluit om 17:30.
- Ouers word versoek om asseblief nie kinders laat te kom haal sonder dat daar vooraf gereël word nie. Daar sal 'n boete gehef word indien ouers laat kom (R50,00 per uur of gedeelte van 'n uur).

### VERVERSINGS EN VOEDSEL

- Ontbyt kan by ons genuttig word, behalwe as u anders wil reël (ontbyt word tussen 08:00 en 08:30 bedien).
- Kinders sal oggendverversings self moet saambring. Om gesonde eetgewoontes aan te moedig mag lekkergoed net op Vrydae skool toe gestuur word. Net een lekkergoed dingetjie is voldoende. Elke kosblik en koeldrankbotteltjie moet duidelik gemerk word. Maak asseblief seker dat die botteltjie nie lek nie. Gaskoeldrank en glas botteltjies word nie aanbeveel nie. Vrugte word sterk aanbeveel. Middagetes sal aan die voldagsorg kinders voorsien word. Ligte versnaperings sal ook smiddae aan die kinders gegee word.
- **Belangrik**: Speelgoed, video's en boeke moet liewer tuis bly, want ons kan dit nie vervang as dit breek of wegraak nie. Die skool se speelgoed, boeke en video's moet asseblief nie saamgeneem word huis toe nie. Indien dit ooit per ongeluk wel gebeur, vra ons tog mooi dat u dit asseblief sal terugbesorg.
- **Indien kinders iets breek sal die helfte van die koste deur u gedek moet word. Dit is om ons kinders te leer om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar.**
- Bring asseblief vreemde klere of besittings terug na die nasorg indien dit per ongeluk tussen u kind se goed beland.
- **NB: Merk alle klere en persoonlike besittings duidelik.**

### VERJAARSDAE

- 'n Verjaarsdag is 'n groot gebeurtenis en ons deel graag daarin. Mammas kan reël dat ons 'n partytjie hou en is self ook welkom om te kom, indien dit moontlik is. Partytjies word namiddag om 15:00 gehou.

## FOOIE

- Fooie is maandeliks op die eerste dag van elke maand vooruitbetaalbaar. Fakture word uitgereik aan die einde van elke maand. Ons verkies betalings via die internet. Kennisgewing van een kalendermaand word skriftelik vereis indien die kind uit ons sorg geneem word. Indien u met vakansie gaan, is u steeds verplig om u gelde te betaal.
- **Fooie is vir 12 kalendermaande betaalbaar**

## TARIEWE

### Nasorg

- 'n Nie- terugbetaalbare inskrywingsfooi van R2500 is met die inskrywing van u kind betaalbaar. Hierdie deposito is om u kind se plek in Kabouterland te verseker.

**Fooi**: R2100.00 per maand (vir die eerste kind).
R80.00 addisioneel per oggend (slegs tydens skoolvakansies) Register word gehou van die dae wat u kind voldag is by die Nasorg. Aan die einde van die vakansie word die aantal dae getel en die bedrag (R80 x aantal dae) by u volgende faktuur gevoeg.

## VAKANSIESORG

- Ons beplan ‘n verskeidenheid uitstappies en stimulerende vakansie-aktiwiteite.
- **Vir uitstappies en sommige vakansie-aktiwiteite word addisionele geld gehef indien dit geregverdig is. Ouers sal vooraf verwittig word.**
- Geld vir uitstappies moet in gemerkte koeverte skool toe gestuur word asseblief.
- Die skool sluit jaarliks vir ongeveer 2-2½ weke tussen Kersfees en Nuwejaar.

## OUERVERGADERING

- 'n Ouervergadering word aan die begin van die 1ste kwartaal gehou om sake van belang te bespreek. Dit staan ouers egter vry om ter eniger tyd probleme met ons te kom bespreek.

## VOORWAARDES en REëLS

### VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN GESONDHEID

- Kinders met aansteeklike siektes mag nie by die skool gelaat word nie; bv. in geval van koors sal ons ouers in kennis stel. Stel ons asseblief in kennis van enige aansteeklike siektes.
- Kinders wat medikasie ontvang se ouers moet ons asseblief van die toedieningsinligting voorsien. Medikasie moet duidelik gemerk word en dan aan die versorger gegee word. Medikasie mag onder geen omstandighede in die tasse gelaat word nie.
- Ons sal wel na siek kinders omsien, mits dit nie tot die kind of die ander kinders se nadeel strek nie; so nie moet ouers self reëlings tref. Indien 'n dokter benodig word, sal u die onkoste moet dra.
- Ons sal dit hoog op prys stel indien u enige emosionele trauma wat u kind mag beleef met ons sal bespreek. Dit sal ons help om die kind op die korrekte wyse te hanteer.

### REëLINGS TEN OPSIGTE VAN OP- EN AFLAAI

- Ouers word versoek om maar so gou as moontlik kinders op en af te laai, sodat ons nie groot verkeersopeenhopings in die straat veroorsaak nie.

## AFVALMATERIAAL

- Ons sal dit waardeer indien u enige afvalmateriaal, papier, hout, ens. vir ons bymekaar kan maak om te gebruik vir kreatiewe werk.

## ALGEMEEN

- Ouers word hartlik uitgenooi om enige probleme wat mag opduik met ons te bespreek. Ons is van plan om ons bes te doen om die kinders genoeg liefde, ondersteuning met skoolwerk en stimulasie te bied. Ons wil die skooltjie eksklusief hou om deurentyd topgehalte diens te lewer.

- Nasorg is ‘n groot behoefte by ons ouers en kinders en ons beoog om dit aan te spreek. Indien u dus enige voorstelle het, sal ons baie bly wees indien u dit onder ons aandag sal bring. Ons wil regtig vir die kinders ‘n tuiste bied waar hulle gelukkig kan leer, speel en ontspan. So 'n groot projek soos dié kan nie slaag sonder die ouers se samewerking nie. U kan die skool help bou deur deurentyd positief kritiek te lewer.

**PERSONE IN BEHEER:**

**NASORG KOöRDINEERDER:** **Alta Swart (Gr 1 -3): 082 9757249**
**Lamees Bey (Gr. RR & R): 0844143886**

**ASSISTENT:** **Raylene Jacobs 0795748350**
**HULP MET VERVOER:** **Reon Smith**

**KANTOOR:** **REANA BRINK 0827831385**

**KIM WIESE 074 1795010**

**ANNEKE LE GRANGE 076 8154932**

***Markus 10:16 - “Hy het Sy arms om die kindertjies gesit, en hulle die hande opgelê hulle geseën”***

Whatever you write on the heart of a child, no water can wash away